

Die waarde van donkies


Donkies wat werk

Donkies werk al duisende jare lank vir mense. Hulle is intelligente diere en gewillige werkers wat maklik opgelei kan word. Hulle kan leer om bevele te gehoorsaam en kan sommige soorte werk sonder die hulp van mense doen. Hulle kan byvoorbeeld leer om alleen van een plek na 'n ander te loop terwyl hulle iets dra. Wanneer hulle behoorlik versorg word, kan donkies langer as vyftig jaar lank leef en dertig jaar lank werk.


Wanneer hulle vrag dra

Donkies kan allerhande dinge vir mense dra. In streke van Suid-Afrika waar mense nie lopende water het nie dra donkies groot houers water. Hulle vervoer ook hout, veral in streke waar daar nie elektrisiteit is nie.

Donkies is gewoond daaraan om stappers se bagasie te dra sodat hulle sonder 'n rugsak kan te loop. In die Wes-Kaap kan toeriste byvoorbeeld van Calitzdorp in die Swartberge met 'n roete langs stap wat vroeër deur donkies gebruik is voordat die pad gebou is.




Hieronder is 'n prentjie van hoe donkies gebruik kan word om lang pale te dra.



Wanneer mense gedra word



Lank gelede het konings op donkies gery. Deesdae ry mense nog steeds op hulle rûe. Dit is nie so gemaklik om op 'n donkie te ry soos op 'n perd nie. 'n Mens kan egter sonder 'n saal of stiebeuels op hulle ry, want hulle beweeg meer egalig as 'n perd. Hulle is ideaal om kinders en siek of ou mense te vervoer. Die onderstaande tekening wys hoe hulle as ambulans ingespan kan word.



Donkies op die plaas

Donkies kan voor 'n hele aantal plaaswerktuie ingespan word om die grond voor te berei om te beplant. Die werktuig wat die meeste in Suid-Afrika gebruik word, is die ploeg.


'n Mens moet agter die ploeg stap en die handvatsels vashou om dit te stuur. Die plek waar die donkies ingespan word, word met die pyltjie regs aangedui. Die skerp lem aan die onderkant sny die grond terwyl die donkie die ploeg trek.



Daar is groot plase in Suid-Afrika waar donkies gebruik word om skape en jong volstruise op te pas. Donkies is baie beskermend en kan 'n roofdier soos 'n jakkals maklik doodskop.

Vervoer


Karre is twee-wiel voertuie en waens is vier-wiel voertuie. Die meeste karre en waens wat deur donkies in Suid-Afrika getrek word, het swaar motorasse van metaal. Dit is die goedkoopste manier om 'n kar of 'n wa te maak, maar dit beteken dat meer donkies nodig is om die vrag te trek. Een donkie kan 'n liggewigkar trek.



Karre en waens word nie net gebruik om goedere te vervoer nie. Daar is plekke waar donkies waens trek wat rommel versamel. Hulle word ook vir spesiale geleenthede soos troues en kinderpartytjies gebruik.

Meule en pompe

'n Meul is 'n plek waar graan gemaal word om meel te maak. Deesdae gebruik die meeste meule masjiene wat met elektrisiteit werk. 'n Donkie kan gebruik word om 'n meul sonder elektrisiteit te laat werk. Hulle kan ook gebruik word om water te help pomp. Wanneer donkies op so 'n manier gebruik word, moet hulle gewoonlik ure lank in 'n sirkel loop.



Donkiemelk is baie na aan mensmelk en kan gedrink word. Daar word beweer dat Cleopatra in donkiemelk gebad het. Cleopatra is 'n bekende koningin wat in Alexandria in 69 v.C. gebore is.

Deesdae word donkiemelk ook in skoonheidsmiddels soos seep en room gebruik. 'n Mens kry egter nie baie donkiemelkplase nie want donkies gee nie baie ekstra melk nie.

Donkiemis kan gebruik word om die grond te verbeter. As dit met modder gemeng word, kan stene gemaak word wat in die son gedroog word. Dit is goed om met hierdie stene te bou. Die mis kan ook as brandstof vir vuur gebruik word.



Om mense te help

Donkies is dikwels die rydiere van gestremde kinders. Hulle laat toe dat mense hulle vertroetel en streel en dit help mense wat hartseer is om beter te voel. Daar is mense wat donkies as troeteldiere aanhou.

Donkies verdien meer

Ten spyte van al die wonderlike en verskillende dinge wat donkies vir mense kan doen, word hulle dikwels sleg behandel. Donkies kan op verskeie maniere ly. Hulle kan oorlaai of verkeerd gelaai word en dan ly hulle as gevolg van saalsere of harnessere, kneusings, hittestres, ontwatering (tekort aan water) en moegheid. Soms word hulle oorwerk en kry nie genoeg voer of die regte soort voer nie. Hulle hoewe word dikwels nooit, of nie gereeld, gevyl nie, wat tot groot probleme kan lei.

Sorg vir jou donkies

Dit is belangrik, as jy donkies of enige ander diere het, om uit te vind hoe om hulle reg te versorg, byvoorbeeld, hoe om donkies se hoewe te vyl. Jy moet weet watter voer hulle nodig het. Het hulle skuiling nodig, en watter soort? Moet die veearts hulle gereeld ondersoek? As jou donkies werk, moet jy uitvind oor die regte toerusting, en hoe om dit korrek te gebruik. Om diere aan te hou, vereis kennis en is 'n groot verantwoordelikheid. Donkies, soos alle diere en mense, verdien al die liefdevolle sorg en aandag wat ons hulle kan gee.